Vir my is Afrikaans meer as net 'n taal…

Baie van ons praat Afrikaans, ons leef dit, gebruik dit sonder om te dink en soms meng ons dit so bietjie, en dan maak my oupa sommer sy eie Afrikaans op soos hy praat . Maar so kry Afrikaans amper 'n lewe van sy eie en dit is juis dít wat maak dat Afrikaans **meer as net 'n taal is….**

Afrikaans is hoe ek opstaan en gaan slaap, waarmee ek bid, ons familie mekaar groet en waarmee ons maats grappies maak. Dit word nie net gebruik vir wat ons sê nie; maar is **die uitlating van wat ons voel,** want… ek lag in Afrikaans, ek huil in Afrikaans, ek sê my sê in Afrikaans, ek is lief in Afrikaans, ek vra om verskoning in Afrikaans - **maar nooit vir Afrikaans nie**. Ek sing uit volle bors saam met Karen Zoid "Dit is die taal van my hart…. "

Ek merk op dat al is Afrikaans nie almal se eerste taal nie oorbrug dit kultuurgroepe en kleurgrense. Rykes en armes praat dit, van ons land se leiers tot die bedelaars op die straathoek gebruik dit. Almal praat dit nie dieselfde nie, die kapenaars praat van "hêk" en "êk", en hulle lag weer vir ons Gautengers se vreemde oorronding as ons van "Maa" en "Paa" praat. Mary, ons huishulp, se Afrikaans klink ook heelwat anders as myne, maar dit bly Afrikaans, en ons almal verstaan mekaar – **Afrikaans bou die brue en skuif die grense vir al die mense van ons nasie.**

Min Afrikaanssprekendes is bewus daarvan dat Afrikaans die enigste taal ter wêreld is wat met gedenktekens vereer word. Sowat sewe miljoen mense noem Afrikaans hul moedertaal en nog 14 miljoen praat dit as tweede taal. Ons 21 miljoen Afrikaanssprekendes se grootste monument vir Afrikaans is om dit te praat en te gebruik, meer en meer te leer en nooit bedees nie, maar trots Afrikaans te wees.

Koos Kombuis het gewens dat “Afrikaans net kon dans” in sy liedjie Sweet Paradise” in die 90’s. Oom Koos was heeltemal verkeerd, Afrikaans dans op ons tonge en in die harte van almal wat dit praat. Maar belangriker as dit - My generasie droom nog in Afrikaans, en juis daarom het Afrikaans ‘n blink toekoms.